

NOOD HULP



Wenke vir

beseerde kinders en baba's



deur
Marina Basson




Kinders is spesiaal!



- Kinders verstaan nie as jy vir hulle vra wat verkeerd is nie
- Vind die pyn deur te kyk waar die handjies druk of vashou
- Soek vir oorsake van die ongeluk in die omgewing
- Kyk of die klere gevlek, geskeur is, of skerp reuke het.
- Moenie vra of dit seer is nie, hulle sê altyd “JA” al is dit nie.
- Druk op die area en kyk vir ‘n pyn reaksie
- Buk af tot hulle oog hoogte
- Verduidelik wat jy gaan doen
- Moenie skree of kwaad wees met hulle nie
- Moet nooit ‘n kind straf omdat hy seergekry het nie
- Kinders moet onmiddelik veilig en beskerm voel.





Bewusteloosheid

Bewusteloosheid beteken die spiere is tydelik verlam en kan nie beweeg nie. Daar is niks fout met die brein nie, hulle is **nie dood nie**.

Die kind lewe want:

1. Hulle haal asem
2. Hulle het 'n pols



Hulle kan nog steeds hoor, voel pyn en is vreesbevange.
Hulle het beskerming nodig.
Draai hulle op hulle sy en hou warm met 'n kombersie.

Maak die lugweg oop

Wanneer mens bewusteloos raak verslap die tong en verstop die lugweg agter in die keel. Dit gebeur net as hulle op die rug lê. Die kop moet agteroor gebuig word sodat die tong oplig.



Vir 'n baba onder een jaar oud, moet die kop net effens agteroor gelig word.

a) Kyk vir asemhaling:

- Borskas beweging, luister vir geluide, voel met jou oor vir uitaseming
vir 5 sekondes



HERSTEL POSISIEAS



- As die kind asemhaal is hy **BEWUSTELOOS**
- Draai hom op die sy en kry hulp (herstel posisie)
- Maak toe met 'n kombers.
- Die herstel posisie help ook om te verhoed dat die tong die lugweg blok of dat braking hom laat verstik.





b) Voel vir die pols vir 5 sekondes.

As daar geen asemhaling is nie, voel vir 'n pols.

Babas tot 1 jaar oud:
Voel die arm pols



Ouer as 1 jaar oud:
Voel die nek pols



BEL DIE PARAMEDICI

As die kind GEEN pols het nie sal hy **DOOD WEES BINNE 4 MINUTE**

1. Roep iemand om die ambulans te bell.
2. Bel: Nooddienste
 - **10177** of
 - Netcare
 - **082911** of
 - Cell phone
 - **112**



Informasie nodig vir die oproep

1. Jou eie naam en telefoon nommernumber
2. Tipe ongeluk
3. Adres en area / landmerke
4. “Pin-location” of GPS ko-ordinate
5. Rapporteer enige gevare
6. Hoeveelheid beseerdes

Naaste kruis straat
en area



Roete merkers
op snelwëe



Duidelike landmerke





- KPR is 'n tegniek wat deur **Noodhelpers** gebruik word om kinders wat verdrink het, verstik het, versmoor of elektries geskok is, terug te bring na lewe.
- Ek sal verduidelik wat om te doen, maar jy moet weet net mense wat opgelei is in KPR mag dit doen.
- KPR moet begin word voordat die brein dood is, dit sal wees **binne 4 minute** nadat asemhaling gestop het.

Cardio Pulmonary Resuscitation(CPR)

Cardio beteken hart

Pulmonary beteken longe

Resuscitation beteken bring terug na lewe

KPR moet onmiddelik toegepas word deur 'n opgeleide **Noodhelper**.

Kontak ons vir KPR opleiding:

(012) 644 - 0918

KPR: Babas


1. Toets reaksie deur die tone te kielie
2. Lig die ken effens, kyk, luister en voel vir asemhaling vir 5 sekondes
3. Voel vir die pols vir 5 sekondes



Lig die ken op



Kyk, luister en voel vir asemhaling vir 5 sekondes



Voel vir die pols vir 5 sekondes

4. Indien dar geen asemhaling en pls is nie, begin met KPR.



KPR Tegniek



- Een KPR – siklus bestaan uit **30 borskas drukke en 2 asem blase** vir beide babs en kinders.
- Begin altyd met die borskas drukke eerste.
- Herhaal 'n siklus van 30 borskas drukke en 2 asem blase, 5 keer sonder, stop voordat weer getoets word vir asemhaling en pols.
- Hou aan totdat die paramedici opdaag, of asemhaling en pols weer terugkeer.
- Hou die baba warm met 'n kombers en hou hom vas in die herstel posidsie as hy wakker word.

Herstel posisie



Hou warm met kombers





KPR vir Babas



- Plaas die baba op 'n tafel of wat ookal beskikbaar is.
- Staan aan die kant van die baba.
- Begin met borskas drukke:
 - plaas een vinger in lyn met die nippels
 - plaas twee vingers teenaan die vinger in die middel van die borskas.
 - druk slegs met die 2 vingers, teen 'n spoed van 100 drukke per minuut.
 - voltooi 30 drukke met 'n diepte van 4 sentimeter, sonder stop.

Druk 4cm diep met 2 vingers



- Gee die asem blase:
 - lig die ken effens terug
 - druk die neusgate toe en gee 2 sagte blase in sy mond, 1 sekond uitmekaar
 - die borskas moet lig met die blaas

Lig die ken effens op



Gee 2 sagte blase in die mond



- Herhaal sie siklus van 30 borskas drukke en 2 blasé sonder stop.
- Toets vir asemhaling en pols na elke 5 siklusse.

KPR: Kinders

Die verskil tussen :
Baba KPR en KPR vir kinders ouer as 12 maande:

1. Borskas drukke word gedoen met die palm van jou hand:
 - Plaas twee vingers net voor die “V” van die ribbes.
 - Hou die vingers in posisie en plaas die handpalm teenaan.
 - Doen 30 borskasdrukke met die palm van die hand en ‘n reguit arm.
 - Druk 5 sentimeter diep teen ‘n spoed van 100 drukke per minuut.


Place the hand palm next to the fingers



Use 1 hand for 1 – 4 year old



Use two hands for 5 years and older



KPR asemblase

2. Asem blase vir kinders met KPR:

- Maak die lugweg oop deur die ken ver terug te tilt.
- Druk die neusgate toe en sêel die mond met jou mond.
- Gee 2 blase, een sekond uit mekaar.
- Maak seker die borskas lig op met die blaas.



Herhaal die KPR siklusse van 30 borskas drukke en 2 asem blasé totdat die paramedici opdaag.

